

## *REDAKSIONEEL*

Die stand van opleiding van bedryfsielkundiges in Suid-Afrika het oor die afgelope aantal jare alhoemeer die aandag van individue uit verskillende sektore van die Suid-Afrikaanse gemeenskap begin geniet.

Hierdie groeiende belangstelling kan, na alle waarskynlikheid, verband hou met die dinamiese groei in die teoretiese ontwikkeling sowel as die praktiese toepassing van die vak.

Afgesien van dié bemoedigende tekens het bedryfsielkundiges in 'n sekere sin nagelaat om daadwerklik meer inligting aangaande hul vakgebied vry te stel ten einde die aanwendbaarheid en belang daarvan, veral vir die praktyk, te beklemtoon.

Die Redaksie van "Perspektiewe" het besluit om hierdie leemte te probeer aanvul deur periodiek meer inligting oor die opleiding en voorbereiding van bedryfsielkundiges in Suid-Afrika te publiseer. By 'n vorige geleentheid is 'n hele nommer (2.3, 1976) aan probleemareas in die opleiding en benutting van bedryfsielkundiges gewy.

Die huidige uitgawe bevat die eerste van 'n reeks artikels oor die opleiding van bedryfsielkundiges aan die ses Suid-Afrikaanse universiteite waar volwaardige departemente van bedryfsielkunde bestaan.

Ons vertrou dat u die leesstof insiggewend sal vind.

IvWR

## *EDITORIAL NOTE*

Training of industrial psychologists received much attention in South Africa over the past few years.

This, most likely, was due to an expansion of knowledge and expertise in applying industrial psychological principles to industry and the world of work in general.

Industrial psychologists for some reason, however, have been reluctant to communicate their knowledge and skills to people in practice with the result that relatively little is known about their approach, methods and skills.

The Editorial Board consequently decided to devote more time and space to articles dealing with any aspect of training of industrial psychologists and the utilization of their knowledge in practice. Previously a special issue (2.3, 1976) was reserved for this purpose. The present issue contains the first article in a series on the training of industrial psychologists at six South African universities.

IvWR